

17 April 2023

Verskoning aan studente wat deur taalpraktyke geraak is

Die US vra alle studente in die koshuise Minerva en Irene wat deur praktyke gedurende die verwelkomingsweek in 2021 geraak is en wat gevoel het hulle menseregte en waardigheid is aangetas deur nie Afrikaans in 'n sosiale konteks te kon praat nie, onomwonde om verskoning. Hoewel die Universiteit omvattende opleiding vir studenteilers oor die toepassing van die Taalbeleid ingestel het en hierdie opleiding vanjaar versterk is, sal die Universiteit voortgaan met hierdie opleiding. Ons sal ook die Taalkomitee van die Raad versoek om te oorweeg of 'n verandering aan die Taalbeleid nodig is om die duidelikheid te verskaf soos voorgestel deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK).

Ons erken dat die Universiteit se transformasieis voortdurend aandag vereis en ons bevestig ons verbintenis tot 'n meertalige, multikulturele universiteit wat menseregte en waardigheid respekteer en waar al ons belanghebbendes welkom voel. Hierdie visie sal vereis dat belanghebbendes nuwe en opbouende maniere van medewerking vind – die Universiteit is hiertoe verbind.